

9 Maart

Skrifgedeelte: 1 Konings 8:12-36
Fokusgedeelte: 1 Konings 8:35-36

Skuldbelydenis en bekering as sleutel tot God

Die Here sê Hy "... weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade." Salomo staan voor die altaar (2 Kron. 6:13-24.) Hy bely God se goedheid en genade wat Hy aan hom bewys, deurdat Hy getrou is aan sy belofte aan Dawid, dat daar altyd iemand uit Dawid se geslag op die troon sal wees. Hy pleit egter vir sy volk, dat die Here gebede wat na die tempel wat hy bou, gebid word, sal verhoor. Daar was van sy volksgenote wat mekaar kwaad aangedoen, afgepers en vervloek het, gesondig het. En hierdie selfgerigte en volgehoue sondes het die hemele as't ware vir die volk toegesluit. Soos Egipte se landbou van die Nylrivier afhanklik was, was Kanaän van periodieke reënval afhanklik. En omdat reën 'n gawe uit God se hand is, moes die volk ook hulle afhanklikheid van God besef en bely. Hulle moes God se Naam bely, tot bekering kom van hulle sondes en God smeek dat Hy hulle gebede sal verhoor.

As koning tree Salomo vir sy volk by God in, en vra dat God hulle sonde sal vergewe en weer reën sal gee. Jy en ek het Koning Jesus Christus as Hoëpriester wat uit genade vir ons by God intree. Jou en my verantwoordelikheid is om weg te draai van ons sonde – in afhanklikheid terug na God toe, ons sonde in gebed voor Hom te bely, en in gehoorsaamheid tot Hom te lewe.

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. OA (Ockert) Oosthuizen (Windhoek-Suid)